

Maandag 4 November

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:10-23

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:10, 11

Bou op die enigste fondament, Jesus Christus

In hierdie gedeelte wil die Here steeds die verdeeldheid (groeptvorming) in die gemeente aanspreek. Hier met die beeld van gelowiges as 'n gebou, die tempel van God, waarin sy Gees woon.

Paulus het deur die genade wat God aan hom gegee het, soos 'n bedrewe bouer (prediker) die beste, deeglikste fondament gelê. Die fondament is Jesus Christus. Want Paulus het nie met verhewe woorde of menslike wysheid God se geheimenis aan hulle verkondig nie. Hy het net Jesus Christus, en Hom as gekruisigde, verkondig (1 Kor. 2:1, 2). Die boodskap alleen het hulle oortuig, deur die kragtige werking van die Gees. Hulle geloof is dus nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.

Ander predikers het ná Paulus op sy bouwerk gebou. Hyself noem Petrus (Sefas) en Apollos. Petrus was deur baie gesien as die vernaamste van die apostels, Apollos was weer 'n begaafde spreker. Tog moet die gemeente besef: predikers staan op gelyke voet as bedienaars van God. Christus roep hulle om sy gemeente op te bou en die eer kom hulle nooit toe nie. Moet dus nie hoogmoedig wil vergelyk en so jou later op mense beroem nie. God sal wel eendag oordeel oor elkeen se bouwerk. Laat dit in sy hande. Hy sal oordeel watter bouwerk behoue bly en wat verbrand word.

Rus die bouwerk in jou gemeente op die fondament, Jesus Christus? Is dit wat jy hoor in elke preek, elke katekisasieklas, elke huisbesoek, elke pastorale gesprek? Beleef en ervaar jy die bouwerk ook so: *“Kom na Hom toe, die lewende klip, wat wel deur mense afgekeur is, maar voor God uitverkore, en vir Hom kosbaar is, en laat julle as lewende klippe opbou tot 'n geestelike huis, 'n Christelike priesterdom, om geestelike offers te bring wat, deur Jesus Christus, vir God aanneemlik is”* (1 Pet. 2:5)?

Onthou, wanneer ons aan mekaar se geloof bou: Ek moet steeds minder word en Christus meer!

Sing: Psalm 118-1:11

Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)